



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

FEBRUARIE/MAART 2018

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
AFDELING A: Opstel (50)
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloediagram/kernwoorde, ens.), redigeer en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:
AFDELING A: ongeveer 80 minute
AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde. Skryf die nommer van jou opstel neer.

1.1 **Dit sal ek beslis nie mis nie.** [50]

1.2 **In die kollig** [50]

1.3 Van alle waardes wat die mens behoort te hê, is respek die belangrikste! [50]

1.4

Ons taal het in dié grond geweek
Oor baie dae, baie nagte,
soos in die winter reën

[Bron: Mure, WEG Louw]

 [50]

1.5 **Die lekkerste lekker** [50]

1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skep jou eie titel. Skryf die nommer en jou eie titel neer.

1.6.1



[Bron: <http://unswoc.org/wordpress>]

[50]


1.6.2



[Bron: <http://www.sarahjennings/files/wordpress.com>]

[50]

1.6.3



[Bron: <https://www.facebook.com/hastagshare/photos>]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180–200 woorde oor elk. Skryf elke keer die nommer van die teks neer.

2.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

'n Familielid wat ver van jou af bly, het jou 'n groot guns bewys deur jou eksamennotas wat jy by hul huis vergeet het, vir jou per pos aan te stuur.

Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan die familielid waarin jy hom/haar vir die moeite bedank. [25]

2.2 HULDEBLYK

Jou gunstelingneef/-niggie is onlangs onverwags oorlede. Jy sal hom/haar altyd onthou vir sy/haar positiewe gesindheid.

Skryf 'n HULDEBLYK om sy/haar nagedagtenis tydens die begrafnisdiens te eer. [25]

2.3 RESENSIE

Jy het 'n vertoning van 'n nuwe Afrikaanse film, wat oor 'n morele (of sosiale) kwessie handel, bygewoon.

Skryf 'n RESENSIE vir die tienerbylaag van 'n koerant. [25]

2.4 FORMELE BRIEF: AANSOEK

Jy doen aansoek om 'n gratis stalletjie by die maandelikse vlooiemark/markdag in jou omgewing te kry. Jy beplan om die wins aan die plaaslike kinderhuis te skenk.

Skryf die AANSOEKBRIEF aan die voorsitter van die vlooiemark/markdag. [25]

2.5 DIALOOG

Die eksamentoesighouer het jou beste vriend(-in) betrap toe hy/sy oneerlik in die eksamen was.

Skryf die DIALOOG wat ná afloop van die eksamen tussen jou en jou vriend(-in) plaasgevind het. [25]

2.6 FORMELE TOESPRAAK

Jy is die skole se verteenwoordiger in die plaaslike toerismeraad en word gevra om by die jaarlikse streekskonferensie die konferensiegangers toe te spreek. Jou onderwerp is:

Jongmense, hul gemeenskap en toerisme

Skryf jou TOESPRAAK.

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100